Verwysing: 20160615-1580
6/14
Navrae: L Ndzongo

Strategiese Mensbestuursminuut: 0004/2016

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Hoofde van alle onderwysinrigtings

**Onderwerp: Indiens- staatsdiensbeurse vir 2017**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) stel die bydrae wat sy werknemers lewer om die departement se doelwitte en oogmerke te bereik hoog op prys.

2. Tot die huidige boekjaar het die WKOD altyd 'n staatsdiensbeursbegroting in die omgewing van R700 000,00 opsy gesit om in sy staatsdienswerknemers te belê vir die verwerwing van diplomas en grade wat met die prioriteitsareas vir ontwikkeling in die departement ooreenkom.

3. Die begrotingstoewysing vir die 2016/17-boekjaar laat 48 staatsdienswerknemers uit die indiensbeurse vir die verwerwing van 'n formele kwalifikasie voordeel trek. As gevolg van kursusgelde wat hoër as verwag is en die herbelyning van die indiensbeursbegrotingstoewysing, kan die departement nie 'n nuwe inname van beurshouers vir 2017 bekostig nie.

4. Diegene wat tans deur die indiensbeurs bevoordeel word, sal steeds finansiële ondersteuning ontvang. Die WKOD sal in 'n gunstiger posisie wees om in 2017 indiens- staatsdiensbeurse aan nuwe bevoordeeldes vir die 2018 akademiese jaar toe te ken.

5. Vir navrae aangaande die indiensbeurs, kontak asseblief mnr L Ndzongo by tel. 021 467 2190 of e-pos Lusapho.Ndzongo@westerncape.gov.za.

6. Maak asseblief seker dat al die staatsdienspersoneellede in u komponent van die inhoud van hierdie minuut bewus is.

**GETEKEN:** PA VINJEVOLD
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2016-08-17